

Sing vooraf staande: Psalm 106:8, 9 (p. 525)

- 8 Hul het 'n kalf van goud gemaak / en God, hul heerlijkheid, versaa; voor niet'ge dierbeeld neergeboë, / hul redder uit Egipteland vergeet, wat groot was voor hul oë, / gedug was by die see se strand.
- 9 "Weg met die volk!" het God gespreek. / "Vir goed wil Ek hul opstand breek."
Maar Moses, held deur God verkore, / het in die bres vir hul gaan staan, dat hul, so diep in skuld verlore, / nie deur Gods toorn sou ondergaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan; sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan. Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld; geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestralings oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank; laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank! Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER; die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Gebed

Psalm 97:1, 4 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer, en juig, saam met die strande / van afgeleë lande. Daar's wolke donkerheid / rondom sy majesteit; sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel, met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede. Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer! Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:4-6

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jalouse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

(Eksodus 20:4-6 AFR53)

Tema: Dien die enigste God ooreenkomstig sy Woord

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit gebeur dikwels dat mense sê dat hulle Bybel sal lees en bid *wanneer dit nodig is*. Daarmee sê hulle dat hulle tans nog goed genoeg op hulle eie regkom. Hulle het oënskynlik nog nie die Here nodig nie. Met so 'n standpunt hoor 'n mens wat hierdie mense van God dink. Vir hulle is Hy 'n noodsaaklike gebruiksartikel vir

spesiale omstandighede. Hulle hou die Here aan net vir daardie tye wanneer hulle nie meer self kan regkom nie. Hy is soos 'n noodwiel van 'n motor – jy moet Hom hê, maar jy gaan Hom nou nie elke dag gebruik nie.

Wanneer ons terugdink aan wat ons verlede Sondag van die Here uit die eerste gebod geleer het, besef ons dat die mense wat die Here soos 'n gebruiksartikel wil aanhou hulle op 'n gevaarlike pad begewe. Ons Here is die enigste en ewig lewende God wat alom-teenwoordig is. Hy is almagtig en soewerein. Hy laat Hom nie deur mense gebruik nie en wanneer Hy kwansuis nie nodig is nie, laat Hy Hom nie wegbêre nie.

Ons God is uniek, want Hy is die enigste God – buiten Hom is daar niemand wat aanbid kan word nie. En as die unieke en enigste God het Hy 'n unieke verhouding met sy mense aangeknoop. Hy het Israel uit Egipte gaan haal en hulle na Hom toe gebring by die berg Sinai. Hy maak van Israel sy kosbare eiendom. Hulle behoort net aan Hom en hulle moet net vir Hom as hulle enigste God aanbid en dien.

Hierdie unieke verhouding wat God met mense het, is nie net tot Israel beperk nie. Van die oomblik dat die Here vir Abraham geroep het, het Hy die hele wêreld se mense in die oog gehad. En met die koms van Christus is die muur tussen Jood en heiden afgebreek omdat Christus Homself aan die kruis geoffer het. Nou kan ander mense as Israel ook in hierdie unieke verhouding met God lewe. Elkeen wat deur die Heilige Gees met 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aangeneem het, is in hierdie unieke verhouding met God. Vir die gelowiges is hulle verhouding met God 'n eksklusiewe verhouding – Hy is hulle enigste God en daar is nie plek vir ander gode nie.

Aangesien God dan die enigste God vir Christene is, beteken dit dat Hy ook alles in hulle lewe wil wees. Hy moet die Een wees wat die meeste deur hulle begeer word. Hy moet die Een wees aan wie hulle die meeste dink. Hy moet die Een wees vir wie hulle die graagste tevrede wil stel.

Wanneer 'n mens die eerste gebod behoorlik begryp, sal die tweede gebod ook vir 'n mens sin maak. Aangesien ons Here die unieke God is, sal ons Hom ook op 'n unieke wyse dien. Dit is immers Hy wat bepaal hoe ons teenoor Hom sal optree. Let daarom op die onderskeid tussen die eerste en die tweede gebod:

- In die eerste gebod verbied die Here afgodery, en in die tweede gebod verbied die Here beelddiens.
- In die eerste gebod gebied die Here ons om Hom alleen te aanbid en te dien, en in die tweede gebod gebied Hy dat ons Hom op die regte wyse moet aanbid en dien.

Broers, susters en kinders, in die tweede gebod leer die Heilige Gees drie dinge aan ons. Dit gaan in die eerste plek oor hoe ons oor God dink. In die tweede plek leer Hy ons hoe ons Hom moet dien. En in die derde plek wys die Heilige Gees ons hoe belangrik ons denke oor en ons diens aan God vir die Here is.

Die Heilige Gees vestig ons aandag eers op vers 4:

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. (Eksodus 20:4 AFR53)

Met die eerste aanhoor hiervan klink dit asof die Here die maak van enige beeld of prent verbied. Indien dit waar sou wees, sou dit beteken dat die mens geen beeldhouwerk of houtsneewerk mag maak nie. Ons sou dan geen tekening van enigiets kon maak nie, selfs nie eers 'n foto van 'n skepsel kon neem nie.

Die Here verbied egter nie die maak van afbeeldings van skepsels nie. Nog in hierdie selfde boek het die Here aan Moses die opdragte gegee oor die maak van die tabernakel, die verbondsark en al die ander toebehore wat by die tabernakel hoort sowel as die klere van die priesters. Bo op die deksel van die verbondsark moes daar twee gerubs uit-gebeeld wees met hulle gesigte na mekaar gedraai, en hulle vlerke moes bo-oor die deksel van die verbondsark uitgesprei wees. Op die gordyn van die tabernakel wat rondom die heilige en allerheiligste deel gehang is, moes daar gerubs uitgeborduur word. Op die kandelaar moes daar blomkelke en amandelbloeisels wees. Aan die soom van die hoëpriester se skouerkleed moes granaatjies gehang word wat gemaak is van blou, pers en bloedrooi wolstof. Uit hierdie opdragte van die Here is dit dan duidelik dat Hy nie die afbeelding of die maak van die gelykenis van skepsels verbied nie.

Met die woorde in vers 4 verbied die Here dat daar van Hom enigsins 'n beeld gemaak word. Die Here mag op geen manier visueel voorgestel word nie. Dit is uit die konteks van Eksodus 19 en 20 duidelik. Toe die Here die tweede en derde keer met Moses op die berg gepraat het, het Hy dit duidelik gemaak dat niemand op die berg mag klim wanneer Hy na die top van die berg afgedaal het nie. Die Here sê uitdruklik aan Moses:

Klim af, waarsku die volk, dat hulle nie na die HERE toe deurbreek om te sien en baie van hulle dan val nie. (Eksodus 19:21 AFR53)

In die latere openbaring van die Here aan sy volk sê Moses weer 'n keer:

En die HERE het met julle uit die vuur gespreek; julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie—net 'n stem was daar.
(Deuteronomium 4:12 AFR53)

Niemand van die volk het dus 'n verskyning van God gesien nie. Hulle het alleenlik sy stem gehoor. Daarom waarsku Moses hulle opnuut en baie meer uitgebreid:

Pas op! Die lewe is vir julle op die spel. Die Here self het met julle op Horeb uit die vuur gepraat, al het julle dié dag niemand gesien nie. Moenie julle eie ondergang soek deur vir julle 'n afbeelding as afgodsbeeld te maak nie: nie van 'n man of 'n vrou nie, nie van enige dier op die aarde of van enige voël in die lug nie, nie van enigiets wat op die aarde kruip of van enige vis in die waters onder die aarde nie. Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en te dien nie. Die Here julle God het hulle toegeken aan al die volke op die aarde. (Deuteronomium 4:15-19 AFR83)

Aangesien niemand God gesien het nie, mag niemand Hom afbeeld nie. Die Here verbied dus dat daar beelde van valse gode gemaak word, en Hy verbied dat daar beelde van Hom gemaak word. Indien die mens dit waag om 'n beeld van God te maak, hoe sal hierdie beeld lyk? Die droewige geskiedenis van Israel nog daar by die berg Sinai vertel ons hoe het Aäron oor die Here gedink. Toe Moses te lank na die volk se sin op die berg gebly het, het hulle vir Aäron aangepor om vir hulle 'n god te maak. Aäron het nie gepoog om 'n ander god af te beeld nie. Nadat hy die bulkalf uit die goud gemaak het, sê hy vir die volk:

Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel! (Eksodus 32:4 AFR83)

Dit is presies waaroor Paulus ook geskryf het aan die Romeine oor die mense wat hulle nie wil steur aan die algemene openbaring van die Here in die natuur nie. Hy sê:

Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle

niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. (Romeine 1:19-23 AFR83)

Israel wou hulle God voorgestel hê soos wat die ander volke hulle gode in beelde voorstel. Daarmee het Israel ook te kenne gegee hoe hulle oor God dink. Hulle wil na Hom kyk, aan Hom vat en soewerein oor Hom wees. Die Here sê egter: Jy sal nie 'n beeld van My maak nie, want die Here laat Hom nie deur 'n mens manipuleer nie.

Hoekom verbied God dat daar 'n beeld van Hom gemaak moet word? Omdat sy openbaring van Homself in sy eie woorde ons denke oor Hom moet beheers. Nie mense se ervarings van God, nie hulle opinies oor God, nie hulle verbeelding oor God nie; God se Woord moet ons gedagtes oor Hom beheers. Die Bybel is die Woord van God waarin Hy Homself aan ons bekend maak.

Vir ons wat in die een en twintigste eeu lewe is hierdie gebod uiters noodsaaklik. Ons lewe in 'n wêreld waar alles visueel aan ons voorgestel word. Kinders word met televisie en rekenaar en internet groot. Alles word in prentjies vir hulle verduidelik. En nou sê die Here vir jou en my: Jy sal nie 'n beeld van My maak nie. Dink aan My soos wat Ek Myself aan jou bekend maak in my Woord. Jou beelde en verbeelding en voorstellings van My gaan in elk geval skeef en krom wees – dit gaan wees soos wat Ek nie regtig is nie. Daarom, as ons die Here wil leer ken, moet ons sy Woord leer ken.

Dit is belangrik dat die liberale mense wat met skêre in die Bybel wil inspring hierdie gebod hoor en begryp. Die gedeeltes in die Bybel waarin die Here Homself bekend maak as die regverdige God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie, wil hulle uitsny, want hulle hou nie van so 'n God nie. Hulle wil 'n God hê wat net liefdevol en genadig is. Dit is belangrik dat die mense wat slegte ervarings gehad het van 'n afwesige pa of 'n wrede pa hoor wie die Here is wat Homself as Vader bekend maak. Ons moenie na die Here toe kom met ons voorstellings van wat Hy kan doen en nie kan doen nie.

Dit is juis bevrydend vir ons om die Here te leer ken soos wat Hyself sê Hy is. Ons voorstellings van God sal altyd beperkings op God plaas. In ons vooropgestelde idee van God sal daar altyd iets wees wat Hy nie kan doen nie. Maar wanneer ons na Hom luister, hoor ons hoe groot en omvangryk Hy werklik is. Hy is die God wat aan 'n baie ou kinderlose vrou op die ouderdom van negentig 'n kind kan gee. Hy is die God wat sy eie Seun mens laat word om deur Hom verlossing te bewerk vir mense wat gans en al verlore is en sonder verlossing beslis in die ewige vuur van sy wraak sou beland het. Hy is die God wat deur sy Gees lewe kan wek in dooie sondaarsharte. Dit is hoe die Here Homself in sy Woord aan ons bekend maak. En al ons voorstellings van Hom sal ver tekort skiet aan hierdie openbaring.

Die Here beveel ons nie net hoe ons oor Hom moet dink nie. In die tweede gebod maak die Heilige Gees duidelik dat God se wese en sy openbaring ons diens aan Hom moet beheers. Luister wat sê die Here in vers 5:

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie. (Eksodus 20:5a AFR53)

Ons mag God nie deur middel van beelde aanbid nie. Die Here het sy volk hieroor gewaarsku lank nog voordat hulle in die beloofde land aangekom het. Hy het immers geweet waarop hierdie ongehoorsaamheid gaan uitloop. Sodra hulle beelde van Hom gaan maak, is hulle net een tree daarvan af weg om afgode te begin dien. Dit is inderdaad

wat in Israel gebeur het. Nadat die land in twee ryke geskeur het – dit het gebeur na Salomo se dood toe sy seun Rehabeam koning geword het – het Jerobeam, die koning van die noordelike ryk, twee goue beelde van bulkalwers laat maak. Hy het ook vir Israel gesê:

Hier is nou die beelde van julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.

(1 Konings 12:28 AFR83)

Jerobeam het in algehele afgodediens verval, want hy het aan die kalwerbeelde offers gebring.

Ons kan egter maklik vir mekaar sê dat ons darem redelik veilig is wat hierdie verbod van die Here betref. Ons dien en eer Hom nie deur middel van beelde nie. As gereformeerdes ag ons die Woord van die Here baie hoog. Daarom het ons nie allerhande simbole of beelde in ons kerkgebou nie. Die Woord van die Here is sentraal in ons diens aan die Here.

Geliefdes, die Here verbied in hierdie gebod nie net dat ons Hom nie deur middel van gemaakte beelde moet dien nie. Ons weet hoe vrugbaar ons verbeeldings is. Ons maak miskien nie beelde uit hout of klip van God nie, maar ons skep in ons gedagtes beelde van God. En ons pas hierdie denkbeelde op die ware God toe. En kort voor lank dien ons 'n God wat ons vir onself in ons gedagtes geskep het en nie meer die ware God soos wat Hy Homself in sy Woord aan ons openbaar nie. As ek myself wysmaak dat God nie die swaarkry raaksien waarin ek is nie, of nie sien as ek sonde doen nie, het ek in my gedagtes 'n beeld van God gemaak wat sonder oë is. As ek voorgee dat God my nie hoor wanneer ek tot Hom bid nie, het ek in my gedagtes 'n beeld van God gemaak wat nie ore het nie.

Gehoorzaam aan die Here se Woord in die tweede gebod lyk ons kerkgeboue nie net soos dit lyk nie, maar lyk ons Gereformeerdes se eredienste ook soos dit lyk. Die Bybel bepaal hoe ons oor God behoort te dink. Die Bybel bepaal ook hoe ons die Here in sy erediens dien. Wanneer daar gepreek word, word die Woord van God verkondig – nie verhaaltjies van mense nie. Wanneer ons sing, sing ons die Woord van God – nie allerhande mooi liedjies van mense nie. Wanneer ons bid, bid ons op grond van die Here se eie woorde – en knoop nie lawwe geselsies met Hom aan nie. Wanneer ons lees, lees ons die Bybel – dit is immers die hoogtepunt van elke erediens – ons hoor dan die Here se eie stem. Ons is daarvan oortuig dat ons die Here dan dien soos wat die Here Jesus ons leer – om God in Gees en in waarheid te dien.

Ons maak nie vir onself op hoe die Here wil hê ons Hom moet dien nie. Ons dien nie die Here soos wat mense *voel* dit gedoen behoort te word nie. Ons dien die Here soos wat Hy sê ons dit behoort te doen, want dan bring ons die eer en dank aan Hom wat ons aan Hom verskuldig is.

Ons hoor immers in hierdie tweede gebod hoe belangrik dit vir die Here is dat ons reg oor Hom sal dink en Hom reg sal dien. Hy sê:

want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. (Eksodus 20:5b-6 AFR53)

Luister net hoe sê die Here is sy karakter. Hy is 'n jaloerse God. Hier moet ons nie aan ons sondige en kleinlike menslike jaloesie dink nie. Onthou hoe die Here Homself in die eerste

gebod bekend maak. Hy is die enigste Here. Hy verbind sy volk net aan Hom en Hy vergelyk hierdie verhouding tussen Hom en die volk met huwelik tussen een man en een vrou. Hy duld geen mededingers in sy verhouding met sy volk nie – net soos 'n man nie 'n ander man, of 'n vrou 'n ander vrou, in hulle huwelik kan duld nie. Wanneer die Here Homself 'n jaloerse God noem, sê Hy dat Hy geen teenspraak gaan duld nie. As sy volk Hom nie gehoorsaam nie en sy liefde vertrap, sal Hy Hom vergeld.

Die Here is baie ernstig wanneer Hy vir ons sê hoe ons oor Hom moet dink en hoe ons Hom moet dien. Nadab en Abihu, twee van Aäron se seuns, wou ook baie graag die Here by die altaar dien. Omdat hulle dit egter gedoen soos hulle wil en nie soos die Here gesê het nie, het 'n vuur van die Here af gekom en hulle in die teenwoordigheid van die Here verteer (Lev 10:1-7). Omdat Dawid die Here se verbondsark vervoer het soos wat hy gedink het reg is – nogal op 'n wa en met 'n hele optog van soldate – het hy veroorsaak dat Ussa gesterf omdat hy wou keer dat die ark van die wa val toe die osse gestruik het (2 Sam 6). As die Here sê dat Hy 'n jaloerse God is oor wie ons moet dink soos wat Hy Homself bekend maak en Hom dien soos wat Hy beveel, is Hy ernstig daarvoor.

Wanneer 'n pa van die tweede gebod afwyk en daarin volhard, kan die Here sy genade-middels van so 'n pa wegneem. Die Here is nie onregverdig nie. Die pa het self uit die verhouding met die Here getree deur sy ongehoorsaamheid. Wanneer die Here die regte verstaan en die leiding van die Heilige Gees uit die pa se lewe wegneem, bevestig Hy net wat die pa reeds gedoen het. Sodoende berooft die pa nie net homself nie, maar ook sy kinders van die genademiddels van die Here. Verblind gaan hulle die pa in sy dwaasheid volg en ook die Here haat, want hulle gehoorsaam Hom nie. Die pa word dus deur die oordeel van die Here getref oor sy sonde. En die kinders word deur die oordeel van die Here getref oor hulle eie ongehoorsaamheid. Maar hoor net hoe genadig is ons God. Hy beperk hierdie besoeking tot in die derde en vierde geslag.

Sy grootste begeerte is dat die mens hom sal bekeer en bly lewe. Daarom is sy belofte van seën soveel groter:

... en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooi onderhou. (Eksodus 20:6 AFR53)

Jesus het ons ook daarop gewys dat ons liefde vir Hom onlosmaaklik verbind is aan die gehoorsaamheid van sy gebooi (Joh 15:9-10).

Die wyse waarop ons die Here dien, sal wys hoe goed ons Hom al ken vanuit sy Woord. Hoe ons oor die Here dink, sal wys hoe ernstig ons is om na Hom te luister wanneer Hy met ons in sy Woord praat. In sy verhouding met ons is Hy baie ernstig – so ernstig dat Hy nie eers sy eie geliefde Seun ontsien het om ons te red nie. Sy liefde vir ons is onberispelik.

Mag die Heilige Gees ons so lei met die Woord dat ons ook in ons verhouding met God onberispelik sal wees in ons denke oor Hom en ons diens aan Hom. Deurdat die Heilige Gees ons met die Woord by Christus en die kruis uitbring, leer Hy ons om reg oor God te dink. Hy is die liefdevolle, genadige God wat die sonde nie ongestraf laat bly nie. Omdat Christus sy lewe vir ons afgelê het, wil ons, gedryf deur ons liefde vir Hom, Hom gehoorsaam en God in Gees en waarheid dien soos Hy ons geleer het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 115:1, 8 (p. 564)

- 1 Nie aan ons, o troue God, / aan u Naam alleen gee eer!
Waarom sou die nasies spot / as hul oor ons triomfeer?
Om u goedheid, wees nie stil! / Red ons om u trou ontwil!
- 8 Hy sal seën wie Hom vrees, / groot en klein wat op Hom wag;
ja, Hy sal hul allermees / seën in hul nageslag.
Hy wat spreek, en 't het geskied, / sal sy seen oor hul gebied.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Oktober 2013